

9.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk val die klem op die oueronderhoude waar die ouers van groepe A en B individuele voorligting oor 'n tydperk van 'n jaar ontvang het (vgl. par. 6.3.8).

Ortopedagogiese hulpverlening rig hom, volgens Pretorius (1972, p.38-40), op die pedagogiese noodsituasie waarin die leerling hom bevind. In hierdie ondersoek rig die ortopedagogiese hulpverlening hom op die versteurde kinderlike belewenisse van die leesvertraagde leerling in die pedagogiese situasie. Die ortopedagogiese hulpverlening in hierdie navorsing streef na die verbetering van hierdie situasie wat as 'n noodsituasie beskou kan word en die verbetering, regstelling of herstelling van die leesvertraagde leerlinge se leesvermoë.

Volgens die doelstellings van hierdie ondersoek (vgl. par. 1.2 & 6.2), sal daar gepoog word om deur middel van individuele voorligting aan die leesvertraagde leerlinge van groepe A en B se ouers, hierdie noodsituasie van die leerlinge te verbeter om sodoende hulle leesvermoë te herstel.

'n Uiteensetting van die onderhoude met die ouers van groepe A en B word in hierdie hoofstuk aangebied. Die oueronderhoude is in drie tydperke verdeel, naamlik die eerste tydperk van ses maande en die tweede en derde tydperke van drie maande elk (vgl. par. 6.3.9.1).

9.2 DIE EERSTE ONDERHOUD MET DIE OUERS

9.2.1 Inleiding

In hierdie paragraaf word die doel van die eerste onderhoud, die chronologiese verloop betreffende die onderhoude, die uiteensetting van die diagnostiese onderhoud, die maak van rapport, die versameling van die nodige data en die samestelling van die eerste onderhoud bespreek.

9.2.2 Die doel van die eerste onderhoud

Voorligting, ook aan ouers van die leesvertraagde leerlinge, kan nie losgemaak word van opvoeding en die skoolsituasie nie, omdat voorligting 'n bydraende faktor tot persoonlikheids groei en -ontwikkeling van alle mense is en nie net van diegene wat in 'n hoër mate wanaangepas is nie. Die opvoedingsituasie is een van die belangrikste voorligtings situasies, aangesien voorligting in die opvoedkundige omgewing na alle probleme van kinderontwikkeling gerig word (vgl. par. 5.4.3.1). Die eerste onderhoud met die ouers van groepe A en B is veeldoelig van aard.

- a) Eerstens is die doel van die onderhoude met die ouers gerig op probleme van kinderontwikkeling wat strek vanaf relatiewe eenvoudige probleme en foutiewe begripsvermoë tot emosionele blokkeerings. Daar word dan gepoog om hierdie probleme van die leesvertraagde kinders te verbeter, reg te stel en te herstel deur middel van individuele onderhoude met die ouers.
- b) Tweedens poog die ondersoeker om 'n vertrouwensverhouding met die ouers daar te stel. Die

ondersoeker moet 'n fyn balans handhaaf tussen 'n gevoel van veiligheid by die ouers en die noodsaak om die probleem by die kind op te los.

- c) Derdens is die doel van die eerste onderhoud met die ouers om 'n intieme, warm verhouding tussen die onderzoeker en die ouers te bewerkstellig, waar die ouers deur die onderzoeker bygestaan word om die mees effektiewe metodes te vind om hulle probleme met hul kinders, sowel as die kinders se probleme beter te kan begryp. Indien die ouers die probleme van hul kinders beter verstaan en begryp, kan hulle beter in staat wees om hulle kinders te help. Die eerste onderhoud stel die grondslag om rapport met die ouers te maak. By alle verdere onderhoude sal daar op hierdie grondslag voortgebou word, sonder dat enige van die betrokke partye emosioneel betrokke raak.
- d) 'n Verdere doelstelling van die eerste onderhoud is om 'n uiteensetting aan die ouers te gee van wat met die eerste sessie en alle toekomstige sessies beoog word, naamlik
- i) 'n poging deur die onderzoeker om die verband tussen persoonlikheid en leesvertraagtheid te probeer vasstel;
 - ii) die daarstelling van gesonde ouer-kindverhoudings;
 - iii) vasstelling deur die onderzoeker in welke mate ouers emosionele probleme van leesver-

- traagde kinders kan verbeter;
- iv) die verbetering van die leesvertraagde leerling se selfkonsep; en
 - v) die verskaffing van voorligting aan ouers as 'n metode om die leesvertraagde leerling se leesvermoë te verbeter (vgl. par. 6.2).
- e) 'n Doelstelling van die eerste onderhoud is die beskrywing van die leesvertraagde leerling se probleem. Die ondersoeker moet die ouers so gou as moontlik toelaat om oor hul kind se probleem te praat, omdat dit onder andere die spanning in die ouers laat afneem. Nadat die ouers oor hul kind se probleem gepraat het, gee die ondersoeker 'n beskrywing van hoe hy die kind se probleem volgens sy waarneming en die resultate van die toetse en vraelyste sien (vgl. par. 6.3.5).
- f) Die eerste onderhoud het ook ten doel gehad om agtergrondgegevens van die kind, sy ouers en die gesinsomstandighede te versamel. Dit is aan die ouers gestel dat agtergrondgegevens ook in toekomstige onderhoude verkry sal word.
- g) Laastens het die ondersoeker aan die ouers gestel dat die doel van die onderhoude daarop gemik is om die hele gesin te help om beter te funksioneer en dat elke lid van die gesin persoonlik voordeel moet ervaar deur die ouers se ervaring wat hulle uit die onderhoudsituasie sal put.

9.2.3 Chronologiese verloop betreffende die onderhoud

In hierdie paragraaf word die uiteensetting van die diagnostiese onderhoud onder die volgende hoofde bespreek: opening, verwysing van die leerlinge, inleidende struktuur, skedulering van die onderhoude en die afsluiting van die diagnostiese onderhoud.

In die openingsfase (vgl. par. 9.2.4.1) het die ondersoeker aan die ouers verduidelik op watter wyse en vir watter doel die leerlinge na die kliniek verwys is.

In die inleidende struktuur skets die ondersoeker die doelstellings van die ondersoek en die onderhoude.

Na die inleidende struktuur verduidelik die ondersoeker aan die ouers die skedule waarvolgens hulle gesprek sal word en ook die afsluiting van die diagnostiese onderhoud.

9.2.4 Uiteensetting van die diagnostiese onderhoud

9.2.4.1 Opening

Aangesien die skool die ouers van die leesvertraagde leerlinge deur middel van 'n kort briefie in kennis gestel het dat hulle kind, weens sy vorderingsprobleme in die skool, na die skoolsielkundige vir evaluering verwys is, het dit nie as 'n groot skok vir die ouers gekom toe die ondersoeker hulle geskakel het om 'n afspraak te maak om hulle te spreek nie. Dieselfde prosedure is gevolg met die ouers wat uit hulle eie by die

Skoolsielkundige Kliniek en die skool om hulp aangeklop het, daar die skool deur die ondersoeker versoek was om die betrokke leerlinge volgens die gewone prosedures te verwys.

Nadat die ondersoeker die leerlinge geëvalueer het, is die ouers persoonlik deur die ondersoeker geskakel om 'n afspraak te maak. Die afspraak is vir 'n vasgestelde tyd, ongeveer 'n week na die oproep, by die ondersoeker se kantoor gemaak.

Hierdie prosedure het sekere voor- en nadele. Die voordele kan soos volg saamgevat word:

Die ondersoeker het voldoende tyd om die toetse en vraelyste te ontleed (vgl. hoofstuk 8), besprekings te hou met die remediërende onderwyseres, die skoolhoof, onderwyseres en moontlik 'n mediese dokter of spesialis indien die ondersoeker daarvan bewus was dat die leerling al by sodanige persoon was.

'n Tweede voordeel is dat die ouers tyd het om die saak te oordink en self te redeneer oor die moontlike oorsake van hulle kind se probleme. Menige ouer het agterna aan die ondersoeker erken dat hulle in hierdie tydperk van wag meer van hulle kind se probleme bewus geword het as gedurende die voorafgaande jare saam. Ouers het ook erken dat vandat hulle die oproep ontvang het om vir 'n onderhoud aan te meld, hulle 'n weerstand teen die onderhoud ontwikkel het "omdat ons kind nie mal is nie". Hierdie weerstand

het egter verminder teen die tyd dat die ouers vir die onderhoud opgedaag het.

'n Verdere voordeel van hierdie prosedure is dat minstens een van die ouers al telefonies met die ondersoeker kontak gehad het. By die eerste onderhoud is hierdie ouer dus nie meer 'n algehele vreemdeling nie. Hierdie prosedure vergemaklik die opening van die onderhoud vanuit die ondersoeker se oogpunt sowel as van dié van die ouer.

'n Nadeel van hierdie metode is dat die ouers 'n weerstand kan opbou wat nie met die verloop van tyd voor die diagnostiese onderhoud afneem nie, en wat dan gedurende die onderhoud(e) afgebreek moet word.

Die ondersoeker het die ouers op die vasgestelde tyd in die ontvangskamer ontmoet en na sy kantoor genooi. (die begin van strukturering - vgl. par. 9.2.4.3). Die ondersoeker het onmiddellik oor iets begin gesels waarin die ouers belangstel om hulle sodoende op hulle gemak te stel. Die ondersoeker het die onderwerp by die kind, die onderwyseres of by die ouer self gekry toe hy geskakel het om die afspraak te maak. Vir 'n paar oomblikke word daar belangstellend oor die onderwerp gesels. Daar kan selfs, indien die onderwerp en die situasie hulle daartoe leen, iets humoristies gesê word. Afgesaagde onderwerpe soos die weer is vermy.

Daar moet in gedagte gehou word dat die ouers se

eerste indrukke wanneer hulle die ondersoeker se kantoor binnekom en waarvolgens hulle hulle oriënteer, van die grootste belang is. Indien die ouers 'n indruk van rustigheid kry wat vertroue inboesem, kan hulle makliker oor hul kind se probleme en hul probleme met die kind praat (Bordin, 1955, p.18-19).

Deur die respek en bedagsaamheid wat die ondersoeker vir die ouers toon met betrekking tot hulle probleem, stel hy die ouers nie alleen op hulle gemak nie, maar wen ook hulle vertroue en laat hulle voel dat hulle aanvaar word.

Indien die ondersoeker voel dat die opening van die onderhoud geslaagd was in die sin dat 'n' vertrouensverhouding tot stand gekom het, word daar nader beweeg aan die probleemstelling. Die opening word nie skielik afgesluit nie, maar daar word stadig in die rigting van die probleem van die kind beweeg. Die ouers sal ook nie op hulle gemak voel indien die opening te lank duur nie, want hulle bly dwarsdeur die opening daarvan bewus dat die doel van die onderhoud nog geopenbaar moet word. Eers dan kan daar verwag word dat die ouers se spanning in 'n mate sal afneem.

9.2.4.2 Verwysing

Na die openingsfase word dit aan die ouers gestel dat die Natalse Onderwysdepartement oor sekere hulpdienste beskik om leerlinge met hulle probleme by te staan. Sodra die skool daarvan bewus is dat alle pogings wat aangewend is om die

leerling met sy probleem te help nie die gewenste uitwerking het nie, verwys hulle sodanige leerling na die Skoolsielkundige en Voorligtingsdienste.

Op grond van die verwysing van die leerling deur die hoof van die skool, besoek die skoolsielkundige die skool en pas sekere toetse op die leerling toe. Die doel van die evaluering is om die probleem van die leerling vas te stel. In sekere gevalle word die ouers versoek om die leerling na die kliniek te bring vir die nodige evaluering. Indien die leerling by die skool geëvalueer word, vind dit gewoonlik plaas waar die ander leerlinge nie kan steur nie en ook nie daarvan bewus is dat die betrokke leerling deur die skoolsielkundige besoek word nie.

Hierdie uiteensetting van die manier van verwysing is 'n positiewe stap in die daarstelling van 'n vertrouensverhouding. Dit toon aan die ouers dat die ondersoeker eg is in sy bedøelings en ook eerlik met hulle is (Cottle & Downie, 1970, p.76). Die skepping van die idee dat die ondersoeker eerlik met die ouers is, is van die aller-grootste belang vir die sukses van die eerste sowel as van die daaropvolgende onderhoude. Terselfdertyd word die ouers gerusgestel dat alles streng vertroulik is en dat die toetsresultate en gegewens wat gedurende die onderhoud ter sprake kom, geheel en al as vertroulik beskou word (Kruger, 1978, p.221).

Indien die verwysing van die leerling bespreek is, is sy probleem ter sake.

9.2.4.3 Inleidende struktuur

Die strukturering van die onderhoud het daarop neergekom dat die onderzoeker aan die ouers verduidelik het dat daar gedurende die voorligtingsproses gepoog sal word om die doelstellings van die ondersoek te bereik (vgl. par. 1.2; 6.2 & 9.2.2). Die rolle wat die onderzoeker en die ouers in die onderhoud gaan speel, is deur die onderzoeker in die inleidende struktuurstadium geskets, sodat die ouers bewus is van wat hulle van die onderhoud kan verwag (vgl. par. 5.4.3.4). Strukturering van die onderhoud bestaan uit die kommunikasieproses self asook gedeelde verwagtings in verband met die roetine van die voorligtingsproses (Blocker, 1966, p.158).

Strukturering begin in werklikheid met die aanvang van die onderhoud in die openingsfase en gaan voort vir die duur van die eerste onderhoud (Perez, 1965, p.77-78). Die onderzoeker het gebruik gemaak van die openlike of formele strukturering (vgl. par. 5.4.3.4) met al die ouers. Die strukturering het begin toe die onderzoeker die ouers gegroet het en hy probeer het om 'n gunstige fisiese en psigologiese klimaat vir die onderhoud te skep (vgl. par.9.2.4.1).

Die openlike of formele strukturering het 'n openhartige verduideliking en bespreking van die voorligtingsprosedures bevat. In hierdie ondersoek is daar geen toetse op die ouers toegepas nie, maar die psigometriese toetse wat op die leesvertraagde leerlinge toegepas is (vgl. hoofstuk 7), is met die ouers bespreek. 'n Kort bespreking is gevoer oor wat die betrokke toetse evalueer, hoe dit toegepas is en wat die resultate is. Dit is aan die ouers gemeld dat die leerling se skoolvordering met die skoolhoof en onderwyseresse bespreek is, aangesien hulle verantwoordelik is vir die onderrig van die leerling en omdat hulle in die vordering van die leerling belangstel. In die gevalle waar die ondersoeker kontak gemaak het met medici, is dit aan die ouers gemeld asook die moontlikheid dat verdere kontak nodig mag wees. Hierdie bespreking van die toetse het aan die einde van die eerste onderhoud plaasgevind.

Die duur van die ondersoek en die wyse hoe die ouers gespreek sal word, is aan die ouers verduidelik. Dit is aan die ouers gestel dat die ondersoek oor 'n tydperk van 'n jaar sou strek (vgl. par. 6.3.8). Die ondersoeker het aan die ouers van groep A verduidelik dat hulle individuele voorligting sou ontvang, maar dat geen hulp aan die leerlinge van hierdie groep gegee sou word nie. Aan groep B se ouers het die ondersoeker verduidelik dat die ouers self individu-

ele voorligting sou ontvang, terwyl die leerlinge van hierdie groep remediërende leesonderrig sou ontvang vir die duur van die ondersoek. Aan die ouers van groep C is dit gestel dat die leerlinge remediërende leesonderrig sou ontvang, maar dat die ouers self geen voorligting sou ontvang nie (vgl. par.6.3.9.1.2).

9.2.4.4 Skedulering van onderhoude

Die skedule waarvolgens die ondersoeker die ouers sou spreek, is aan hulle verduidelik en 'n rooster is opgestel. Die skedule is in drie tydperke verdeel, naamlik een tydperk van ses maande en twee tydperke van drie maande elk. Gedurende die sesmaandetydperk is die moeder gedurende een week gespreek en die vader gedurende die volgende week, terwyl albei ouers een keer per maand gesamentlik gespreek is (vgl. par. 6.3.9.1, & 6.3.1.3 & tabel 6.1).

Die ondersoeker het dit aan die ouers gestel dat onderhoude gedurende die eerste driemaandetydperk dieselfde vorm sou aanneem as dié gedurende die eerste tydperk van ses maande, behalwe dat die periode tussen die individuele onderhoude van een week na twee weke verleng sou word. Die ouers sou ook een keer per maand gesamentlik gespreek word (vgl. par. 6.3.9.1.2; 6.3.9.1.4 & tabel 6,1).

Gedurende die laaste tydperk van drie maande sou slegs een van die ouers een keer per maand individueel gespreek word, terwyl albei ouers een keer per maand gesamentlik gespreek sou word (vgl. par. 6.3.9.1.2; 6.3.9.1.5 & tabel 6.1).

Die ondersoeker het dit aan die ouers gestel dat hul-

le enige tyd gedurende die dag telefonies met hom in aanraking kon kom.

Teen die einde van die eerste onderhoud is die prosedures wat die ouers moes volg kortliks herhaal. Dit is aan die ouer(s) oorgelaat om die volgende afspraak te maak nadat die ondersoeker die volgende gesê het: "Dit is u plig om die volgende afspraak te maak sodra elke onderhoud afgeloop het. Moontlik wil u die afspraak maak vir dieselfde tyd en dag, sodat dit makliker onthou sal word." Hierdie prinsipie het ook vir die gesamentlike onderhoude met albei ouers gegeld.

9.2.4.5 Afsluiting

Streng gesproke kan die afsluiting van die eerste onderhoud as informele strukturering beskou word. Die afsluiting van die eerste onderhoud is deur die ondersoeker as van die grootste belang beskou, sodat die ouers kon voel dat hulle welkom is om weer te kom.

Die prosedure wat die ondersoeker gevolg het om die eerste onderhoud af te sluit, was soos volg: die prosedures wat die ouers moet volg is kernagtig saamgevat, waarna die ondersoeker onmiddellik vooroor geleun het in 'n posisie om op te staan en sy stoel effens agteruit gestoot het. Gewoonlik het die ouers gesnap dat dit die einde van die onderhoud was en het gereed gemaak om te loop. Hierdie prosedure het aan die ouers die verantwoordelikheid gegee om die eerste onderhoud en toekomstige onderhoude af te sluit.

9.2.5 Versameling van die nodige data

9.2.5.1 Inleiding

Agtergrondgegevens is noodsaaklik om die toetsresultate aan te vul. Baie van hierdie gegevens kon net van die ouers van die leesvertraagde leerlinge verkry word. Hierdie gegewens word in dié paragraaf bespreek.

9.2.5.2 Gesinsamestelling

Om meer aangaande die gesinsamestelling te wete te kom, het die ondersoeker vrae in dié verband aan die ouers gestel. Daar is ook belangstellend uitgevra na die ander kinders in die gesin. Dit kon alreeds in sommige gevalle 'n aanduiding gee van die plek wat die leesvertraagde leerling in die gesinsopset inneem. Van die eerste vrae was gewoonlik: "Wat is u kinders se name?" en "Wat is elkeen se ouderdom?" In sommige gevalle was dit opmerklik dat die ouers die kinders se name nie noodwendig in chronologiese volgorde opgenoem het nie. Soms was die kind met die leesprobleem se naam heel laaste genoem. Dit het die indruk gelaat asof die ouers probeer het om weg te skram van die probleem.

In gesinne waar die leesvertraagde kind nie die enigste of jongste kind was nie, het die ouers nogtans soos volg dié kind se naam laaste genoem: Groep A - 15%; Groep B - 18,75%, Groep C - 17,65%.

Hierdie gegewens toon dat 'n groot aantal van

die ouers alreeds vroeg in die onderhoudsitua-
sie hul negatiewe gevoel teenoor die kind laat
blyk het, soos een van die ouers geantwoord het:

O (Ondersoeker): "Waarom noem u Donald se naam
laaste?"

M (Moeder): "Ag, hy is so stil dat mens soms
van hom vergeet."

O: "Praat hy dan min met u?"

M: "Ja, hy praat selde met my en, ag, hy is
maar êrens in die huis rond sonder dat mens
hom sien, behalwe as hy dit in sy kop kry
om die ander kinders af te knou of hulle
speelgoed te breek of rond te gooi."

Daar is ook vasgestel wêreldwye almal in die huis
woon behalwe die gesin self. Slegs by groep
B was daar by twee gevalle 'n oupa of ouma wat
permanent by die gesin ingewoon het. Hierdie
vraag is aan die ouers gestel om vas te stel
wat die invloed van die persoon wat by hulle
inwoon op die gesinsverband is. By een van
die groep B-gevalle waar die ouma by die gesin
ingewoon het, het sy meer aandag aan die be-
trokke leerling geskenk as die moeder self.

Van groepe A, B en C het 60%, 55% en 70% respek-
tiewelik van die leesvertraagde leerlinge hulle
eie kamers gehad.

Slegs twee van die ouers van groep B was voor-
heen getroud. Geeneen van groepe A en C se
ouers was voorheen getroud nie. Geeneen

van die ouers was geskei nie.

Hier volg voorbeelde van die vrae wat aan die ouers gestel is:

Wat is die opvoedkundige kwalifikasies van elke ouer?

Werk een of albei ouers?

Wat is die vader se beroep en wat is (of was) die moeder se beroep?

Wat is die sosiale en ekonomiese status van die ouers? (vgl. tabel 9.1)

Hoe groot is die gesinsinkomste?

Watter tipe huis bewoon die gesin en in watter tipe buurt woon hulle?

Op watter lewenspeil leef hulle?

Het die status van die gesin verander na die kind se geboorte?

Watter intellektuele stimulasie word in die huis verskaf?

Watter taal word in die huis gepraat?

Watter tydskrifte, koerante en boeke is in die huis beskikbaar?

In watter mate word die kind aangemoedig om te lees?

Wie is die kinders se vriende en watter tipe is hulle?

Stem die ouers saam met sy keuse van vriende?

Hoe kom hy met dié vriende klaar?

Speel hy alleen?

Verkies hy jonger of ouer kinders?

Is die kind 'n leier of 'n navolger?

Verkies die kind eerder volwasse
 geselskap of verkies hy die geselskap
 van kinders van sy eie ouderdomsgroep?

Die hoofdoel waarom hierdie vrae aan die ouers
 gestel is, is om die gesinsomstandighede van
 die leesvertraagde leerlinge te leer ken en om
 die ouers se gesindhede vas te stel. Dit kan
 die verloop van die kommunikasie gedurende
 die eerste en verdere onderhoude bepaal en waar-
 devolle gegewens verskaf waarop in later sessies
 voortgebou kon word.

Volgens die inkomste van die ouers kan al drie
 groepe ouers beskou word as behorende tot die
 hoë inkomstegroep, soos uiteengesit in tabel
 9.1.

Tabel 9.1

Maandelikse inkomste van die ouers

Inkomste per maand	A		B		C	
	getal	%	getal	%	getal	%
R						
onder 1 000	0	0	1	5	0	0
1 000 - 2 000	6	30	6	30	5	25
2 000 - 3 000	6	30	7	35	6	30
3 000 - 4 000	4	20	3	15	6	30
4 000 - 5 000	2	10	2	10	3	15
5 000 +	2	10	1	5	0	0
Gemid. R	2 932,50		R2 722,25		R2 920,50	

9.2.5.3 Die ontwikkelingsgeskiedenis van die leerling

Vrae wat aan die ouers oor die ontwikkelingsgeskiedenis van hul kind gevra is, het gehandel oor die voorgeboortelike sowel as die nageboortelike ontwikkeling van die kind.

Wat die voorgeboortelike ontwikkeling van die leerling betref, is tydens die eerste onderhoud navraag gedoen oor probleme tydens die swangerskap en die geboorteproses omdat sulke probleme 'n nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die kind kan hê (Kawi & Pasamanick, 1958, p.1420-1423). Hierdie vrae is aan die ouers gestel om vas te stel of daar moontlik enige vorm van breindisfunksie by die leerling aanwesig kan wees, aangesien daar vasgestel is (Denckla, 1972, p.401-406) dat 30% van die leesvertraagde leerlinge onderheilig is aan vertraagde neurologiese ontwikkeling. Soos die leerling ouer word, verbeter hierdie vertraagde neurologiese agterstand in die meeste gevalle sodanig dat verbeterde leesvermoë ontstaan (Bender, 1957, p.9-18).

Oor die nageboortelike ontwikkeling van die leerling is vrae deur die ondersoeker aan die ouers gestel oor die leerling se gesondheid, watter siektes hy alreeds gehad het, wat die fisiese versorging van die leerling is, soos byvoorbeeld of die leerling sy eie kamer het, wat sy eetgewoonte is en of die moeder ontbyt maak en vir die leerling kos gee om skool toe te neem, of sy fisiese gebreke versorg word (vgl. bylae B) en of hy v

doende aandag van beide ouers kry wanneer hy siek is.

Indringende vrae is oor die kind se ontwikkelingsgeskiedenis gevra met betrekking tot voeding, slaapgewoontes, chroniese probleme, vrese, motoriese ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en emosionele ontwikkeling. Daar is in latere onderhoude weer na hierdie vrae teruggekeer.

9.2.5.4 Kind se probleem volgens die ouers

Die ouers sou nie maklik ontspan voordat die probleem van die leerling bespreek word nie, want dit is immers waarvoor hulle vir die onderhoud gekom het.

Om die verantwoordelikheid van die ouers in die onderhoudsituasie te beklemtoon, is aan hulle gevra wat hul kind se probleem volgens hulle is (Cottle & Downie, 1970, p.79) , sodat hulle kan beseef dat die ondersoeker nie al die antwoorde gaan verskaf nie, maar dat hulle deelgenote in die onderhoudsituasie is. Daar is so gou as moontlik oorgegaan tot die bespreking van die kind se probleem (Kruger, 1978, p.221). Die strukturering kom min of meer daarop neer dat die ouers hulle kind se probleem stel soos hulle dit sien en ervaar, terwyl die ondersoeker op so 'n manier luister dat die ouers voel asof hy soos hulle dink. Later word die probleem deur die ondersoeker en ouers bespreek en word daar ook beradingslaag oor die beste wyse om dit op te los. Die besluite wat geneem word, berus egter altyd

by die ouers self nadat hulle leiding van die ondersoeker ontvang het (Perez, 1965, p.77-78).

Dit was opmerklik dat die vaders sowel as die moeders van die twee groepe die skool, onderwysers en die onderwysstelsel en in besonder die metode van leesonderrig gesien het as die hooforsaak van hulle kinders se leesprobleme (vgl. tabel 9.2). Meer moeders as vaders het die skool as die oorsaak van die leesprobleem beskou soos in tabel 9.2 aangetoon is.

Tabel 9.2

Oorsake van kinders se probleme volgens ouers

Oorsake	Groep A		Groep B		Totaal	
	Moeder	Vader	Moeder	Vader	N80	%
Skool	13	10	12	11	46	57,5
Luiheid	2	6	2	5	15	18,75
Ouers	2	0	3	1	6	7,5
Verstandelike onvermoë	2	4	1	3	10	12,5
Soos vader	1	0	2	0	3	3,75

Die vaders van albei groepe was meer as die moeders geneig om die kinders se probleem toe te skryf aan die kind se luiheid of domheid. Aan die ander kant het meer moeders gemeen dat die probleem te wyte is aan die ouers se hantering van die kind. Slegs een van die vaders het gemeen dat die ouers die oorsaak kon wees.

Drie van die moeders het gemeen dat die kinders na die vader aard omdat hy dieselfde probleem as

die kind gehad het. Geeneen van die betrokke vaders het hiermee saamgestem nie.

9.2.5.5 Bespreking van die prosedure

Die prosedure van die program is deeglik aan die ouers gestel, sodat elkeen presies geweet het wat van hom verwag sou word.

Die doelstellings van die ondersoek soos uiteengesit in hoofstuk 6.2, is breedvoerig aan die ouers van groepe A en B gestel en met hulle bespreek. Dit is duidelik aan die ouers gestel dat informasie aan hulle gegee sal word wat bespreek sal word, sodat hulle as ouers hulle kinders se gedrag kan verstaan

"...as it refers to typical child development and to sort out those behaviors growing out of his learning disability ...(and)... learn to recognize and accept their own feelings as well as those of the child ...(and) ...help parents set more effective limits, accept and acknowledge feelings and develop appropriate independence in the child ...(and)...learn to cope with their own feelings about their child's problems." (Bricklin, 1970, p.338)

Aan die ouers van groep A is dit gestel dat hulle kinders geen remediërende onderrig sou ontvang nie, terwyl aan die ouers van groep B gemeld is dat hulle kinders twee keer per week 'n halfuur lank remediërende onderrig sou ontvang deur 'n opgeleide remediërende onderwyseres.

Soos in hoofstuk 6.3.2.6 en 6.3.2.8 uiteengesit, sou die ondersoek oor 'n tydperk van een jaar strek wat weer onderverdeel sou word in drie tydperke:

een tydperk van ses maande en twee tydperke van drie maande elk, met skoolvakansies tussenin.

Gedurende die eerste tydperk van ses maande sou die ondersoeker die ouers drie keer per maand apart spreek en een keer per maand gesamentlik.

Gedurende die tweede tydperk van drie maande sou elke ouer twee keer per maand individueel vir die onderhoud kom en een keer sou albei ouers gesamentlik vir 'n onderhoud kom.

In die laaste tydperk van drie maande sou elke ouer slegs een keer per maand individueel vir die onderhoud kom en albei ouers een keer per maand gesamentlik.

9.2.5.6 Bespreking van die eerste toetsresultate

Met die oordra van die toetsresultate is veral drie dinge in gedagte gehou:

Ten eerste kan daar in baie gevalle aanvaar word dat leesvertraging meer angs by ouers en onderwysers veroorsaak as die mislukking van 'n leerling in enige ander intellektuele taak (Lawrence, 1973b, p.10). Daarom is die oordra van die toetsresultate nie slegs 'n noodsaaklikheid nie, maar ook 'n uiters delikate funksie wat verrig moet word. Daar moes sorg gedra word om nie die angsfaktor van die ouers verder te verhoog deur 'n verdoemende prognose voor te hou of om valse hoop te gee nie. Daarom is die resultate met uitsondering van die IK-toetstellings met eerlikheid aan die ouers voorgelê, sodat hulle sekere dinge in verband met

hulle kinders kon uitvind (Tyler, 1961, p.89) wat hulle in staat sou stel om hul kinders beter te leer ken en om hulle op 'n effektiewe wyse te kan help.

Ten tweede moes daar in gedagte gehou word dat niemand op grond van 'n reeks psigologiese of verstandstoetse definitief kan sê wat met die leerling verkeerd is nie. Al wat 'n intelligensietoets werklik sê, is die mate

"...to which the child is bringing his intelligence to bear the academic type of learning. It does not tell us what intelligence might be revealed if he brought into use what he has, and used it in the right way. His I.Q. may well reflect his current learning disability, since he uses the same faulty tactics in doing the test as caused him to fail in school."
(Stott, 1974, p.3-4)

Dit beteken geensins dat psigologiese toetse niks beteken nie, maar dit kan nadelig wees om 'n kind van die een plek na 'n ander te neem vir evaluering sonder dat daar doelgerigte remediëring of hulp aan hom gebied word.

Ten derde behoort dit in gedagte gehou te word dat sommige ouers reeds 'n weerstand teen "hulp" opgebou het, omdat hulle soms besef het dat die kind hulp nodig het, maar nie in staat was om die hulp êrens te ontvang of self aan te bied nie.

By die bespreking van die toetsresultate is daar in gedagte gehou dat die doel van die ondersoek is om die kind se leesvermoë te probeer verbeter. Daarom is woorde met 'n negatiewe konnotasie sover

moontlik in die bespreking van die resultate vermy. Geen toetsresultaat is aan die ouers voorgehou as 'n punt of persentasie wat behaal is nie (Prins & Roux, 1968, p.82), omdat die ouers dit moontlik kon interpreteer as 'n finale uitslag of beslissing, terwyl dit vir die ondersoeker slegs 'n skatting is. Daar is volstaan met die terme swak, ondergemiddeld, bogemiddeld en goed.

Die manier waarop, en die tempo waarteen die toetsresultate aan die ouers oorgedra is, het van geval tot geval gewissel. Dit is ook nie in lesingvorm in een onderhoud aan die ouers oorgebring nie, want dit gaan nie net om die inligting as sodanig nie, maar ook om die ouers se reaksie daarop en hulle vermoë om dit in hulle eie denke te inkorporeer (Bordin, 1955, p.277). Om dié rede is daar in verdere onderhoude telkens teruggekom op die resultate. Die interpretasie van die resultate is veral in die eerste tydperk van ses maande gedoen.

9.2.6 Samevatting van die eerste onderhoud

Met die afsluiting van die onderhoud het die ondersoeker begin om die eerste onderhoud op te som, maar op sodanige wyse dat die ouers self die opsomming voltooi het. In die meeste gevalle het dit op die volgende wyse geskied: "Nou ja, om op te som, kan ons sê dat ons bespreek het hoe u kind hierheen verwys is, die doel van die onderhoud, die gesinsamestelling, die kind se ontwikkelingsgeskiedenis en wat u gesê het die kind (sy naam word genoem) se probleem is....."

Gewoonlik het een van die ouers dan die opsomming van die onderhoud oorgeneem en dit is aangevul deur die ander ouer terwyl die ondersoeker stilgebly het.

Deur hierdie manier van afsluiting het die ouers gevoel dat hulle nie beskuldig is nie, dat hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die onderhoud self het, dat hulle 'n bydrae tot die onderhoud gelewer het en dat hulle deur die ondersoeker erken word.

9.3 VERDERE ONDERHOUDE

9.3.1 Inleiding

Die onderhoude met die ouers van groepe A en B is in een tydperk van ses maande en twee tydperke van drie maande elk verdeel (vgl. par. 6.3.9.1.2 - 6.3.9.1.5 & 9.2.4.4).

In hierdie paragraaf word die inhoud van die verdere onderhoude volgens die drie periodes bespreek, met 'n aanduiding van hoe die onderhoude ontwikkel het en tot ander (beter) opvoedingspraktyke bydra.

Alhoewel daar in die bespreking van die verloop van die verdere onderhoude 'n onderskeid gemaak is tussen die evaluasie van die gesin, spesifieke strategieë in die onderhoudsituasie, die verloop van die onderhoude en die indeling in drie spesifieke tydperke, moet daar verstaan word dat hierdie onderskeiding in die praktyk selde voorkom en onwenslik is. Dit is 'n aanhoudende proses van evaluasie en groei wat oorvleuelend in al die onderhoude voorkom.

9.3.2 Die eerste tydperk : die periode van ses maande

9.3.2.1 Algemeen

Gedurende hierdie periode van ses maande het die vader 10 keer, die moeder 12 keer en beide ouers 6 keer vir onderhoude gekom (vgl. par. 6.3.9.1.3 & tabel 6.1). Dit het vir die ouers van beide groepe A en B gegeld.

Alhoewel die eerste onderhoud apart bespreek is en in 'n aparte afdeling verdeel is (vgl. par. 6.3.9.1.2), kan dit ook beskou word as die begin van die eerste sesmaandetydperk.

9.3.2.2 Die leesvertraagde leerling se probleem volgens die ouers

Die ondersoeker het aan die ouers gevra wat volgens hulle die oorsaak van hulle kind se leesprobleem is. Die ouers het hulleself feitlik deurgaans uitgeskakel as die oorsaak van die leerling se leesprobleem (vgl. tabel 9.2), alhoewel die ouers dit eens was dat die kinders sukkel om behoorlik te lees. Die skool was volgens 46% van die ouers die oorsaak van die leesprobleem waar 'n spesifieke onderwyseres, die skool self en die onderwysstelsel die skyf van die beskuldiging was. Mev. C het haar kind se probleem soos volg beskryf: "Ian se probleem het reg vanaf klas i al begin toe hy in mej. P se klas geplaas is. Sy is 'n verstokte oujongnoot en het nie die vaagste benul van hoe om kinders te leer nie. Ek het

'n paar keer met die hoof gebots oor die onderwyseres, maar 'n mens kan geen simpatie verwag van 'n hoof wat nie aldag weet watter dag dit is nie. Hoe die onderwysdepartement kan toelaat dat sulke onbekwame fossiele kinders moet onderrig, weet nugter alleen. Maar 'n mens kan seker nie iets beters verwag van 'n onderwysdepartement wat die 'kyk-en-lees'-metode by die skole ingevoer het nie. Dit is g'n wonder dat Ian nog nie behoorlik kan lees nie."

Die beskuldiging wat teen die skool gemaak word, kan in 'n mate begryp word, omdat sommige ouers aan almal wat wou luister vertel het dat hulle kind so slim is en wanneer hy skool toe gaan sal die onderwyseresse dit moeilik vind om hom besig te hou. Die feit dat die kind sukkel om te lees, laat die ouers tot die besef kom dat hulle weer moet besin oor hul kind se gewaande slimheid. Mev. T het gesê: "Voordat hy skool toe gegaan het, kon mens al sien dat hy 'n wakker brein het en goed sal kan vorder op skool. Ek het hom baie keer vergelyk met vriendinne se kinders en besef dat hy beter en vlugger van brein as hulle is. Van my vriendinne het self gesê dat Donald slimmer as hulle kinders is. Kyk wat het die skool nou met hom gemaak. Hy is nou selfs swakker as van my vriendinne se kinders. Hulle lag my nou seker lekker uit."

'n Ander rede waarom die ouers die skool beskuldig as die oorsaak van hul kinders se leesprobleem, is omdat die ouers onder die indruk verkeer dat die skool nie daarmee gediend is dat die ouers die kinders help nie. Mev. L B meen dat "...elke keer as ek by die skool oor sy probleem gaan praat het, het die onderwyseres en die hoof aan my gesê om die kind nie te help nie, want die metode wat ek gebruik, is in direkte konflik met die metode van die skool. Nou vra ek jou, wat moet 'n ouer doen as sy kind probleme het en die skool sê ons mag die kind nie help nie?"

'n Ander rede wat dikwels deur die ouers genoem was as oorsaak van hulle kind se leesprobleem, kan saamgevat word in mnr. P se woorde: "Die skoolstelsel is monsteragtig en die kinders word in werklikheid geboelie, want hulle word nie meer toegelaat om kind te wees nie. Voor die aanvang van die skool word die kinders nie meer toegelaat om te speel nie, want hulle moet na die klas gaan om die huiswerk vir die volgende dag van die swartbord af te skryf. Gedurende pouses word die helfte van die pouse stil op 'n bank op die stoep deurgebring om toebroodjies te eet. Die res van die pouse mag die kinders ook nie rondhardloop nie, omdat hulle sal seerkry, klere bemors of te warm sal word. Hoe kan 'n mens 'n kind se natuurlike drang om kind te wees so gruwelik misken?"

Dit is veral bogenoemde redes wat die meeste ouers aanvaar as die rede waarom hulle die skool as die oorsaak van die kinders se leesprobleme beskou. Die ondersoeker moet erken dat hy dikwels teëgekrom het dat daar waarheid in die ouers se klagtes steek.

Lang gesprekke is met die ouers gevoer oor hierdie sake om hulle tot ander insigte te bring. Die wyse waarvolgens kinders met huiswerk en lees gehelp word, is dikwels deur die ondersoeker en die ouers bespreek en bere-deneer. Die ondersoeker gaan uit van die standpunt dat dit die skool se taak en roeping is om die leerlinge te leer en die ouers se voorreg om die kinders te help. In die eerste instansie moet die huislike omgewing so min as moontlik spanning bevat, met ander woorde, daar behoort goeie verhoudings in die huis te bestaan: dié tussen die ouers self, dié tussen die ouers en kinders en dié tussen die kinders onderling. Opvoeding by die skool is in baie opsigte streng formeel. Die opvoeding by die huis behoort anders te wees as dié van die skool en spanning in die lees- en leersituasie moet soveel as moontlik by die huis uitgeskakel word.

Besprekings is gevoer oor die waarde van lof en aanmoediging in die leersituasie. Die onder-soeker het aan die ouers gevra om die aantal kere wat hulle die leerling die vorige dag ge-

prys of aangemoedig het te tel en te vergelyk met die aantal kere wat die leerling betig is, op hom geskree en geskel is en geïgnoreer is. Baie van die ouers het met 'n skok besef dat die leerling baie min geprys of aangemoedig word. Die gevoel van die leerling wat so min positiewe erkenning kry, is bespreek en dit is vergelyk met hoe die ouers sou voel indien hulle dieselfde behandeling sou ontvang. Die doel van die bespreking was om die ouers daarvan bewus te maak dat negatiewe opvoedingshandelinge ook negatiewe handelinge by die leerling sal aanwakker.

Elke nuwe sessie is begin deurdat die ondersoeker aan die ouer(s) gevra het om kortliks die vorige sessie se belangrikste besprekinge, gevolgtrekkings en aanbevelings te herhaal. Soms is dit deur die ondersoeker aangevul. Daarna is bespreek op welke wyse die ouers die leerling gehelp het en wat sy reaksie daarop was.

'n Belangrike deel van die bespreking van die eerste ses maande, was die vader se betrokkenheid by sy kind se opvoeding. Ten eerste is daar ingegaan op die belangrikheid van die vader-seun/dogterverhouding in die algemeen en die verhouding wat die vader met sy kind het. Baie vaders het nie besef dat hulle ook 'n groot plig het om aandag aan hulle kinders te gee nie, soos mnr. T dit uitgedruk het: "Nou besef ek

eers hoe selfsugtig ek was, omdat ek altyd gemeen het dat die opvoeding van die kinders geheel en al my vrou se plig is en dat ek net daar is om te sorg vir die dissipline. Ek kry eintlik koue rillings as ek dink hoe hardvogtig en beesagtig ek al die jare teenoor my kind opgetree het. Dit is geen wonder dat ek my kind glad nie ken nie en al hoe hy my ken, is as 'n vader wat net gesteld is op dissipline."

Die vaders het besef dat hulle meer aandag aan hul kinders moes gee en het planne voorgestel hoe om meer aandag aan die kinders te gee. Hierdie planne en dit wat deur die ondersoeker voorgestel is, is bespreek en beredeneer. Vaders het byvoorbeeld onderneem om meer aandag en hulp aan die kinders se huiswerk te bestee en om meer tyd saam met die kinders deur te bring.

Ouers het begin besef dat die skool nie alleen verantwoordelik is vir hulle kinders se leesprobleme nie. Die ouers is deur die ondersoeker aangemoedig om meer kontak te maak met die skool en onderwyseresse. Die kontak moet nie net plaasvind indien die kind probleme by die skool ervaar nie.

Ouers het redelik gou begin rapporteer dat hulle minder probleme met die kinders by die huis ondervind en dat die kinders op verskeie wyses pogings aanwend om hulle ouers te plesier soos byvoorbeeld om sekere spesiale take vir die ouers te verrig.

Aan die einde van die sesmaandeperiode is al die besprekings kortliks deur die ondersoeker en die ouers saamgevat by 'n onderhoud waar albei ouers teenwoordig was. Vergelykings is deur die ouers getref oor die verbetering van die kinders gedurende die afgelope ses maande en die pogings wat deur hulle self aangewend is. Pogings wat minder goeie resultate tot gevolg gehad het, is laat vaar.

9.3.2.3 Die selfkonsep van die leesvertraagde leerling

Die belangrikheid van 'n leerling se selfkonsep, bestaande uit die selfbeeld, die ideale self en die selfrespek (vgl. par. 3.8) en die ontwikkeling van die persoonlikheid (vgl. par. 3.7) is deur die ondersoeker aan die ouers verduidelik asook die wyse waarop die belemmerende ontwikkeling van die selfkonsep en persoonlikheid aanleiding tot leesprobleme en gedragsprobleme kan gee. Die persoonlikhede van die ouers en hulle gedrag teenoor hul kinders is van primêre belang by die vorming van die kind se persoonlikheid.

Aan die begin van die sesmaandeperiode het die ondersoeker die ouers gevra om 'n beskrywing te gee van die wyse waarop hulle hul kinders gehelp het om hul persoonlikheid en selfkonsep te ontwikkel. Die ouers is ook gevra om te verduidelik hoe hierdie optrede volgens hulle sienswyse bevorderlik of nadelig vir die kind was. Aan die einde van die sesmaandetydperk

het die ondersoeker die ouers se aandag weer gevestig op verduidelikings wat hulle by die aanvang van die periode verskaf het, teenoor hulle sienswyse aan die einde van hierdie periode. Sonder uitsondering het die ouers erken dat hulle voor die aanvang van die onderhoude min ten goede bygedra het tot hule kind se persoonlikheidsontwikkeling. Aan die einde van dié periode het die ouers die mening gehuldig dat hulle nou, na die voorligting, 'n doelgerigte poging aanwend om die kind se persoonlikheidsontwikkeling positief te bevorder.

Hierdie optrede van die ouers het belangrike implikasies by die opvoeding van die kind. Die bewuste of onbewuste afbreek van die kind se selfkonsep deur die ouers kan ernstige gevolge inhou, soos die opmerking van mnr. T : "Die gesukkel van die kind om soos 'n beskaafde mens te lees, irriteer my so dat ek vir hom gesê het dat as hy nie nou leer om te lees nie, hy net so sal word soos Peter."¹⁾

Die ouers se opvoedingsprogram moet sodanig wees dat hulle voorsiening maak vir die verbetering van die kinders se selfkonsep sowel as die verbetering van die kinders se kognitiewe vermoë. Dit kom daarop neer dat die ouers

1) Peter is 'n elfjarige Down Sindroomkind van die bure.

sodanig ingestel moet wees dat hulle gedurig waaksaam moet wees op enige geleentheid om aan die kinders se selfbeeld te bou, soos byvoorbeeld gedurig bewus te wees van dinge waarin die kind suksesvol is en dit aan hom uit te wys, om meer dikwels te prys en deel te hê aan die kind se stokperdjies.

Indien daar ingegaan word op die redes waarom die kind nie behoorlik kan leer om te lees nie, kan veral twee genoem word:

- i) die kind kon oorspronklik perseptuele probleme gehad het en as gevolg daarvan kon hy ontmoedig geword het en 'n swak selfbeeld ontwikkel het. Die ontwikkeling van sy perseptuele vermoëns toon dan die agterstand van vertraagde ryping. Die perseptuele probleme verdwyn, maar die emosionele misnoeë bly agter (Lawrence, 1973 b, p.39); en
- ii) die kind kan alreeds skool toe kom met 'n swak selfbeeld as gevolg van steurings in die huis (vgl. par. 3.6).

Gedurende besprekings is die vorming van die leesvertraagde leerling (vgl. par. 3.8) se selfkonsep aan die ouers verduidelik. Kinders met 'n perseptuele probleem het 'n gedragsprobleem (uitgeslote die kinders met besliste minimale breindisfunksie), naamlik 'n onvermoë om aandag te gee. Hulle gebruik hulle persep-

tuele vermoëns net so onvolledig as wat hulle hul kognitiewe vermoëns gebruik. Hulle gun hulle nie voldoende tyd om die besonderhede na behore in te neem nie. Dit maak nie saak of dit die vorm van 'n letter of 'n hele woord is nie. Sodanige kinders se "hiperaktiwiteit" en impulsiwiteit gee nie hulle perseptuele vermoëns behoorlik kans nie (vgl. par. 3.3.2.3).

Hierdie leesprobleem kan as 'n kompensasie vir die kind se gebrekkige selfbeeld dien. Hy beskou homself as 'n spesiale en unieke persoon. As 'n probleemgeval word daar nie van hom verwag om verantwoordelikheid te leer nie of om op te groei nie. Dit is een van die redes waarom die leesvertraagde leerling 'n ander-soortige behandeling benodig. Hy moet die nodige lof ontvang vir dit wat hy wel kan doen en terselfdertyd behoort hy meer verantwoordelikheid gegee te word. Volgens Purkey (1970, p.7-13) is die selfbeeld die verwysingsraamwerk, die kern vir die individu waaromheen die perseptuele veld georganiseer is. "In this sense the phenomenal self is both product of the individual's experience and producer of whatever new experience he is capable of..." (Purkey, 1970, p.13).

Dit kom daarop neer dat die kind se selfkonsep heropgebou moet word, sodat hy homself in 'n heeltemal ander lig kan sien. 'n Kind wat in sy ouerhuis aanvaar word soos wat hy is

en die nodige liefde en aandag ontvang, verkry 'n stewige en veilige fondament waarop hy kan bou, selfvertroue om die sosiale eise van die samelewing die hoof te bied en om opvoedkundige eise wat aan hom gestel word, goed te hanteer. Hierdie heropbou van die selfkonsep is 'n gestadige proses wat in werklikheid nooit ophou solank as wat die kind in die huis is nie.

Die ouers moet die ideale self of beginselvastheid wat, volgens Van Zyl en Van der Watt (1975, p.19) gelykgestel word aan identifikasie en neerkom op 'n proses van nabootsing, help ontwikkel (vgl. par. 3.8.2.2). Soos wat die kind groei en ontwikkel, kom hy in toenemende mate voor ondervindinge te staan waaruit hy kan uitsoek wat aanvullend is tot sy selfkonsep. Die druk vir beginselvastheid kan egter so groot wees dat die kind verhoed word om betekenisvolle en insiggewende ondervindinge te kies. Oormatige spanning kan sodoende ontstaan. Die ouers is aangemoedig om te help bou aan die kind se ideale self.

9.3.2.4 Die ouers en die kind se lees

Dit was opmerklik dat die ouers oor die algemeen hulle kinders in die voorskoolse stadium min in kontak gebring het met lees. Die ouers het selde vir die kinders stories gelees of selfs stories vertel. Mev. H se reaksie op 'n vraag of sy aan haar kind stories voorgelees het, was: "Ek het selde stories gelees, want

ek het gewoonlik te min tyd gehad. Buitendien was dit vervelig omdat die kind altyd dieselfde storiëttjie oor en oor wou hoor. As 'n mens ook eers begin lees het, wou die kind nie hê dat jy moet ophou nie en wie het nou tyd om ure lank stories te lees."

Die vaders het dit nog minder gedoen as die moeders. Mnr R het eintlik die vaders se gevoel opgesom toe hy gesê het: "Nee, dit is die moeder se departement. Na 'n dag se spanning op kantoor het mens nie nog lus om jou met sulke goed op te hou nie. Die moeder is die hele dag by die kind en sy kan die nodige tyd daarvoor inruim."

Die ondersoeker het egter gevoel dat dit selfs op st. 3 en 4 vlak nog nie te laat is om aan hierdie verwaarloosde taak van stories lees, reg te laat geskied nie. Ouers het na deeglike bespreking besluit dat hulle wel tyd sal inruim om stories aan die kinders voor te lees, veral met die gedagte om hulle bewus te maak van die genot wat hulle deur lees kan ervaar. Hierin sou die vader ook 'n aktiewe rol speel. Artikels sou uit koerante en tydskrifte gelees word en besprekings sou gehou word in die kind se teenwoordigheid. Aanvanklik sou die besprekings slegs tussen die ouers wees, maar die kind sou geleidelik daarby betrek word. Die kind sou hierdeur kon sien dat die ouers ook genot kon put uit lees en self hulle kennis

daardeur kon verbreed.

Een van die grootste probleme en frustrasies vir die ouers sowel as die kinders is die wyse waarop die ouers die kinders met hulle leeswerk help. Mev. F het so oor die saak gevoel: "Dit is iets om van mal te word, want lank voordat ek hom gevra het om sy les te kom lees, was ek al geïrriteerd. Ek het maar 'n kort geduld en het gou op hom geskree as hy nie iets kon reg lees nie. My man is nog erger. Daarom het ek dit maar die meeste van die tyd gelos." Dit is baie duidelik dat die ouers so 'n spanningstoestand by die kinders opgewek het, dat dit die kinders se leesvermoë en ideale self sekerlik nadelig beïnvloed het. Die kind het dus alreeds na die leessituasie gekom as 'n verloorder. In plaas van om aanmoediging te ontvang is die kind verneder. Mev. M het selfs skuldig gevoel: "Ek het my kind soms jammer gekry wanneer hy so kop onderstebo gestaan en sukkel het en soms kantig gehoes het terwyl hy in dié tyd probeer het om die woord vir homself uit te maak. Met spelfoute het ek gewoonlik gesorg dat hy die woord 'n klomp kere uitskryf." Indringende besprekings oor die afbreking van die selfkonsep het die ouers met 'n skok laat beseef watter skade hulle aangerig het.

9.3.2.5 Hulp van ouers se kant

Die ouers was daarvan bewus dat hulle hul kinders moes help om die leesprobleem te bowe te kom en besprekings het in die onderhoudsituasies daarvoor gevolg. 'n Aanduiding van die wyse waarop die ouers tot hulp kan wees, het van mnr. T gekom: "Met ander woorde, waar u op afstuur, kom daarop neer dat dit die skool se taak is om die kinders te leer en die ouers se voorreg om die kinders te help en by te staan sonder om alles vir hulle te doen." Die formele aspek en die spanning moet dus uit die tuiswerk geneem word, sodat die hulp by die huis andersoortig as die van die skool moet wees.

Daar is ooreengekom dat wanneer die kind byvoorbeeld sy leeswerk in die teenwoordigheid van die ouers doen en die kind sukkel om 'n woord te lees, dan moet die ouers dadelik die woord vir hom lees sonder enige kommentaar. Dié manier van hulpverlening is daarop gemik om die leesvertraagde leerling nie by die huis bloot te stel aan die ervaring van mislukking nie. Sodoende kan sy selfvertroue om te lees opgebou word, want die afkeur van die ouers het verdwyn. Die spanning wat gewoonlik by sowel die ouer as die kind ontstaan by die voorkoms van so 'n fout, kan sodoende grootliks voorkom of selfs uitgeskakel word.

Ouers was verbaas oor die resultate wat hulle

so verkry het. Mev. K het opgemerk: "Ek kan duidelik agterkom dat my kind beter lees, maar wat my die grootste vreugde gee, is om te sien dat hy onbevrees staan en lees. Hy kom selfs uit sy eie en gesels met my oor dit wat by die skool gebeur."

Vaders het besef dat hulle 'n meer aktiewe en positiewe rol by die kind se huiswerk moet speel (vgl. par. 9.3.2.2). Die vaders het nou gereeld die kinders met hulle huiswerk gehelp, na hulle leeswerk geluister, die huiswerkboek geteken en besprekings gehou oor lesse wat die kind by die skool gehad het. Mnr. P het op 'n stadium opgemerk dat hy "...nie besef het dat ek my kind met probleme kan help sonder om kwaad of geïrriteerd te word nie." Dit was duidelik dat die spanning by die ouers in die huiswerksituasie afgeneem het en dat die kommunikasie ook verbeter het.

9.3.2.6 Wanaanpassing by die leesvertraagde leerling

Die sukses van die ouer se heropvoeding van die leesvertraagde leerling hang in 'n groot mate af van die verhouding wat daar tussen die ouer en die kind bestaan. Klem is deur die ondersoeker op die feit geplaas dat die ouers nie slegs 'n goeie verhouding met hul kind moet ontwikkel terwyl hulle hom met die huiswerk help nie, maar dat die goeie verhouding gedurig moet bestaan. Die ouers moet begryp waarom die leesvertraagde leerling van hul

ander kinders verskil, sonder om self skuldig te voel. Die ouers moet begryp waarom hierdie emosionele probleem by hul kind ontstaan het. Ouers moes begryp dat hulle eie gevoelens van hulpeloosheid geen bydraende faktor kan wees om die probleem van leesvertraging op te los nie. Bogenoemde sake is op 'n indringende wyse deur ondersoeker en die ouers bespreek en beredeneer.

Dit is 'n bekende feit dat geleerdes oor die ontstaan van wanaanpassing van kinders verskil. Slegs in uitsonderlike gevalle is die oorsaak van wanaanpassing by kinders met sekerheid vasgestel. Daarom gaan die ondersoeker van die standpunt uit dat die manier waarop die kind op die huidige oomblik in die huis behandel word, van groter belang is as dit wat jare gelede gebeur het (Lewis, 1954, p.94). Indien meer klem geplaas word op die hede, kan die angs en skuldgevoel wat by die ouers aanwesig mag wees, in 'n groot mate verminder word. Ouers van leesvertraagde kinders kom alreeds na die onderhoudsituasie met 'n mate van skuldgevoel. Dit kan miskien die belangrikste rede wees waarom so 'n groot persentasie ouers (vgl. par. 9.2.4.4) die skool as die oorsaak van die kinders se probleme beskou het. Die ontwikkelingsgeskiedenis van vroeër jare kan egter nie totaal uit die bespreking weggelaat word nie, want die ouers begryp daardeur dat dit moontlik

in die kind se belang sal wees om sekere optredes te staak en moontlik op 'n ander wyse op te tree of om meer klem te plaas op die "suksesse" van die verlede.

Dit was nodig om die hele ontwikkelingsgeskiedenis van die leesvertraagde leerling in oënskou te neem, want daar kon moontlik sekere gebeurtenisse plaasgevind het wat veroorsaak het dat die ouers die kind bewustelik of onbewustelik verwerp het, soos dit blyk uit mev. A se opmerking: "Vandat Johnny ses maande oud was, het hy vir ongeveer 'n jaar lank onafgebroke sonder enige noemenswaardige rede geskree. Ons het by die dokters geboer, maar hulle kon fisies niks met hom fout vind nie. Ek het baie dae lus gevoel om my goed te pak en weg te loop of om iets vreesliks aan hom te doen." Deur besprekings het dit duidelik geword dat die ouers die leerling al gedurende sy siekte begin verwerp het.

Mnr. S kon nie begryp waarom die skool sy seun beskryf het as "lui, doen nie sy bes nie en dat hy slegs werk indien hy gedwing word." Die selfde ouer het sy seun irriterend gevind deur sy opmerking: "...hy werk altyd op my senuwees deur sy manier van aandagtrekkery. Alles wat hy doen, doen hy op 'n simpel manier, doen nooit iets wat jy hom vra nie, bots gedurig met sy susters en broer en soebat in werklikheid vir 'n pakslae." Hierdie leerling kon

niks reg doen in die oë van sy ouers nie en het baie pak en raas gekry, terwyl die ander kinders selde indien ooit pak gekry het.

Die optrede en houding van die ouers soos hierbo beskryf, is deur bespreking, beredenering en insig wat die ouer ontwikkel het, gaandeweg uit die weg geruim, sodat die ouer op 'n later stadium teen die einde van die sesmaandeperiode in alle opregtheid kon uitroep: "Watter beestagtige gedrag het ek nie teenoor my kind geopenbaar nie! Wat moet ek doen om hierdie onreg te herstel?" Sodra die ouers tot insig gebring kon word, het hulle besef dat hulle wel anders teenoor hul kind kon optree.

Die ouers moes tot die besef gebring word dat hulle kind wel 'n probleem het en dat dit moontlik daarom is dat hy dit soms moeilik vind om impulse te beheer. Hierdie besef kan vir die ouer tot hulp wees om self nie te emosioneel te raak nie. Hulle kan dan voel dat hierdie gedrag van die kind of sy swak lees, nie 'n belediging van die ouer of 'n uitdaging van sy gesag is nie, waarteen hy moet reageer om hom te handhaaf. Die ouers moet hulle self oefen om die kind se vordering objektief te beoordeel en om vas te stel watter van hulle response teenoor die kind 'n verbetering veroorsaak en watter 'n verslegting in die kind se gedrag en houding teenoor huiswerk en lees in die besonder meebring.

In 'n sekere sin kan hierdie soort optrede as gedragsmodifikasie beskou word, want die kind leer naderhand dat dit betaal om sy impulse te beheer.

Kinders moet met lankmoedigheid deur die ouers gekondisioneer word sodat hulle nie teleurgesteld of mismoedig word deur hul foute en misstappe nie. Wanneer die kind verkeerd optree, behoort die ouer die hele situasie te ontleed. Dit kan meebring dat die ouer se eie woede dan verminder.

Die leerlinge toon 'n gevoel van vyandigheid (vgl. par. 8.7.10.2) teen een of albei ouers. Vyandigheid in 'n kind kan 'n reaksie wees omdat hy onveilig voel aangesien hy bang is dat hy deur een of albei sy ouers verlaat kan word. Baie van die ouers het dikwels gesê dat hulle die huis wil verlaat omdat hulle nie meer die kinders kon beheer nie of omdat daar probleme tussen die ouers was. Hierdie dreigemente van verlating kon die vertroue wat die kind in die ouer(s) gehad het, ondermyn het. Aangesien die kind nie hierdie onsekerheid kan verduur nie, distansieer hy hom emosioneel van die ouer en vervang sy liefde vir die ouer met haat of swak gedrag. Deur 'n leesprobleem te ontwikkel probeer die kind die aandag van die ouer op hom vestig (vgl. par. 3.6).

Ouerlike frustrasie as gevolg van die hulp by huiswerk gee soms aanleiding tot primitiewe

reaksies van afkeer by die ouer. Dit kan daartoe lei dat die ouer die leerling op 'n afbrekende verbale manier aanval, soos die sarkastiese aanmerking van mnr. P : "Jy is te onnosel om te kan lees en jy sal eendag net goed genoeg wees om die perdestalle skoon te maak!" Of die vergelyking wat mev. T soms gemaak het: "Ek wens dat jy soos Sharon (sy ouer suster) was, want dan het ons geen probleme of 'n gesukkel gehad nie."

Die vyandigheid en angs wat daarmee gepaard gaan, veroorsaak emosionele blokkerings in die leersituasie. Die emosionele blokkasie toon sy invloed die maklikste by die leeshandeling en dit toon die vyandigheid van die kind teenoor die ouer (vgl. par. 3.6).

Indien die ouers hierdie gedrag van die kind of die reaksie van die kind op hulle optredes of houdings begryp, kan die angs en vyandigheid van die kind verminder word indien die ouers hulle weerhou van afbrekende uitlatings en vergelykings. Die vyandigheid van die kind moet verbreek word deur eerlike optrede en positiewe en konsekwente gedrag van die ouers se kant.

9.3.2.7 Samevatting van die eerste sesmaandeperiode

In hierdie paragraaf het die klem van die ouer-onderhoude veral geval op die siening van die ouers oor dit wat die kind se leesprobleem ver-

oorsaak het. Tydens die bespreking van hierdie en ander aspekte, is die resultate van die toetse deur die ondersoeker bespreek.

Ander sake van belang wat deur die ondersoeker en die ouers bespreek is, is die selfkonsep van die leesvertraagde leerling, die wyse waarop die ouers die leerling met sy lees en ander huiswerk kan help, die hulp wat die ouers kan aanbied om die leerling op verskeie gebiede te help en die wanaanpassing by die leesvertraagde leerling.

Die doel van die oueronderhoude in hierdie tydperk was nie om voorskriftelik te wees nie, maar sodat die ouers kon insien dat die leesvertraagde leerling wel deur 'n andersoortige optrede van die ouers se kant af gehelp kon word. Die doel van die onderhoude was onder andere om die ouers te laat beseef dat sekere optredes van hulle kant af die leerling kon benadeel en dat ander optredes die leerling kon bevoordeel. Optredes wat skadelik kon wees, moes uitgeskakel word, terwyl positiewe optredes beklemtoon moes word.

9.3.3 Die tweede tydperk : die eerste periode van drie maande

9.3.3.1 Algemeen

In hierdie tydperk van drie maande, wat vanaf Oktober 1976 tot Desember 1976 gestrek het, het die onderhoude net soos dié van die eerste tyd-

perk verloop, behalwe dat die tydsverloop tussen die individuele onderhoude van een week na twee weke verleng is. Die individuele onderhoude is verminder om meer verantwoordelikheid en inisiatief op die ouers te plaas en om die moontlikheid van afhanklikheid van die terapeut uit te skakel. Die ouers is ook een keer per maand gesamentlik gesprek. Volgens hierdie skedule is die ouers elk drie keer individueel gesprek en drie keer gesamentlik. In die geheel is daar nege keer onderhoude met die ouers gevoer (vgl. par. 6.3.9.1.4 & tabel 6.1).

Wat in hierdie periode bespreek is, is bepaal deur die probleemareas van die gesin en die terapeutiese doelstellings van hierdie ondersoek (vgl. par. 6.2).

Voorbeelde van ontoereikende interpersoonlike patrone van kommunikasie en houdings van die ouers en kind is bespreek. Hierdie voorbeelde is geneem uit die daaglikse interaksies in die gesin. Nuwe gewoontes van denke, gevoelens en interaksies ontwikkel nie onmiddellik nie en daarom was herhaaldelike bespreking daarvan 'n noodsaaklikheid. Weerstand wat by die ouers ontwikkel het, is ook hanteer.

9.3.3.2 Hersiening van die eerste periode

Die klem van die onderhoude in hierdie tydperk het veral geval op die hersiening van die onderhoude van die eerste periode en die uit-

bouing van nuwe gesindhede by die ouers. Aangesien ouers grootliks verantwoordelik is vir die geluk van hulle kinders, kan die kind se omgewing verander word deur die gedrag van die ouers te verander (Brammer & Shostrom, 1977, p.384). Die kern van bogenoemde idee is dat die ouers as volwasse beskou word en meer insig en begrip openbaar as die kind.

Die moderne ouer ondervind heelwat verwarring ten opsigte van kinderopvoeding, wat in 'n mindere mate by die ouer geslag voorgekom het. Ouers van die vorige geslag is gelei deur tradisionele kinderopvoedingspraktyke wat nie vir die moderne ouer beskikbaar is nie. Die moderne ouer word gebombardeer met veelvoudige en weersprekende beginsels van kinderopvoeding. Dit veroorsaak dat ouers verward raak en dat daar swak selfvertroue ten opsigte van kinderopvoeding by hulle kan ontwikkel (Brammer & Shostrom, 1977, p.384).

Moderne ouers het veral twee basiese probleme wat die opvoeding van kinders betref: die ouer het te kampe met angs en probleme wat nie verband hou met die kind nie, maar hom tog beïnvloed (vgl. par. 9.3.3.3) en die ouer verstaan die ontwikkeling van die kind nie.

Die wyse waarop die ouers liefde teenoor hul kinders betoon, is deur die ondersoeker en die ouers bespreek. Klem is veral geplaas op kommunikasie tussen die ouer en kind, waar die

ouer by elke moontlike geleentheid met die kind gesels oor enige onderwerp. Hier kan die kind die geleentheid kry om sy redeneervermoë te ontwikkel en kontak met die ouer te maak deur middel van kommunikasie. Die kind kry nou geleentheid om sy mening te lug en dit kan ook help om angs en spanning by homself en in die ouer-kindverhouding te verminder.

Die kind behoort ook 'n sekere mate van verantwoordelikheid te dra wat by sy ontwikkeling en rytheid pas. In die onderhoudsituasie het die ondersoeker klem op hierdie aspek geplaas sodat die kind ook tot 'n persoon in sy eie reg kan ontwikkel.

Die ouers is deur die ondersoeker gehelp om te beseftig dat die kind so gelei moet word dat hy sy eie gedrag kan verstaan en begryp. Die ouers moes beseftig dat sekere gedragswyses by kinders, soos byvoorbeeld opstandigheid, 'n onontbeerlike deel van die groei weg van die ouers af is. Hierdie proses kan minder pynlik vir die ouers wees indien hulle bewus is van die groeiproses.

9.3.3.3 Die ouers se verhouding met mekaar

Gesonde verhoudings tussen ouers kan meehelp om angs en onsekerheid by hul kind te verminder. Die ouer mag angs en probleme in die huwelik ondervind wat nie verband hou met die kind nie, maar wat na die kind oorgeplaas word deur houdings van spanning, emosionele teenstrydighede,

oormatige streng dissipline, ensovoorts, wat 'n nadelige uitwerking op die gedrag en leesvermoë van die leerling kan hê. Die gevolge wat hierdie spanning en probleme van die ouers op die leesvertraagde leerling kan hê, is met die ouers bespreek.

Dit was opvallend dat by 45% van groep A se ouers en by 40% van groep B se ouers ernstige huweliksprobleme aanwesig was, waar die ouers nie meer op 'n gesonde voet met mekaar verkeer het nie. Mev. C het die saak so opgesom: "Ek dink die rede waarom ons so baie uitgaan na vriende of funksies, is omdat dit ondraaglik geword het by die huis. By ander mense kan ons maklik voorgee dat ons 'n gelukkige paartjie is."

Beide ouers het die skuld meestal voor die deur van die ander ouer geplaas. Dit was veral die vader wat die moeder beskuldig het, omdat hy dit terugvoer na die fisiese aspek. Die moeder het die vader weer beskuldig dat sy haarself nie aan hom kon gee nie as hy altyd twis en skree by die huis. Besprekings oor die verhoudings tussen man en vrou het die ouers laat beseef dat hulle selfsugtig is en 'n vlak van stagnasie in hul verhoudings bereik het. Hulle het beseef dat as hulle hul kind wil help en ook hulle eie huwelik wil red, hulle weer moet poog om hul huwelik op 'n vaste fondament te plaas.

9.3.3.4 Die ouers en die skool

Dit was duidelik uit die ouers se houding dat hulle nie op 'n goeie voet met die skool, die personeel en veral met die onderwyseres verkeer het nie. Die grootste deel van die ouers (83,3%) het die skool slegs besoek indien probleme opgeduik het. Die gevolg was dat die personeel en die ouers mekaar nie geken het nie. Die ouers was bang om die skool te besoek, soos mev. D trouens erken het: "Ek gaan nie graag na die skool toe nie, want ek is bang dat hy weer iets verkeerd gedoen het en dat ek dit sal hoor. Buitendien kom ek ook nie oor die weg met die hoof nie."

Beide die skool en sommige ouers, het altyd die slegste in mekaar gesien. Hulle was agterdogtig teenoor mekaar omdat hulle mekaar nie geken het nie. Hulle het mekaar net gesien wanneer daar probleme was. Die kinders was ook daarvan bewus dat die ouers net skool toe gegaan het wanneer daar probleme was.

Die ouers is deur die ondersoeker aangemoedig om die skool so dikwels as moontlik te besoek en nie net wanneer daar probleme was nie. Dit kon die kind se spanning ook verlig omdat hy gewoond raak aan die feit dat die ouers die skool besoek. Sodoende kan die ouers die skool beter leer ken en die skool weer die ouers en hul verwagtings en gesindhede in verband met hul kind.

Die ondersoeker het aanbeveel dat die ouers meelewing moet toon met skoolfunksies en indien moontlik ook op verskeie terreine hulp moet aanbied, soos om skoolspanne na sportvelde te vervoer. Moeders kon aanbied om sekere take in die bronesentrum te help verrig en by skoolfunksies te help. Die belangrikheid vir die leerling dat die ouers ook oueraande moet bywoon, is deur die ondersoeker en die ouers bespreek.

Sommige ouers het self voorgestel om ook van die onderwyseresse uit te nooi om hulle by hul huise te kom besoek. Sodoende kon die onderwyseres ook sien hoe die ouers en hulle kinders teenoor mekaar optree.

Hierdeur kon die kind trots voel op sy ouers, wat moontlik sy selfkonsep kan verbeter wat op sy beurt weer voordelig kan wees vir sy leesvermoë (vgl. par. 3.8).

9.3.4 Die derde tydperk: die tweede periode van drie maande

9.3.4.1 Algemeen

Gedurende hierdie tydperk wat vanaf Januarie 1977 tot Maart 1977 gestrek het, is slegs een van die ouers een keer per maand individueel gespreek terwyl beide ouers een keer per maand gesamentlik gespreek is. Die moeders is in hierdie tydperk twee keer individueel gespreek en die vaders een keer. Die ouers is drie keer gesamentlik gespreek. In die geheel

het die ouers ses keer vir onderhoude gekom (vgl. par. 6.3.9.1.5 & tabel 6.1).

9.3.4.2 Die eindstadium

Die ondersoeker het die verloop van die onderhoude aan die ouers geskets. Die oorspronklike probleme wat geheers het en die aanvanklike doelstellings van die onderhoudsessies is bespreek. Na die derde evaluering is ook aange-
toon watter doelstellings bereik is. Die volgende terreine waarop sukses behaal is, is deur die ondersoeker met die ouers bespreek (vgl. par. 11.7.2.1):

- i) die leesvermoë van die leerlinge van groep A het met 3,6 jaar verbeter terwyl die leesvermoë van die leerlinge van groep B met 3,5 jaar verbeter het;
- ii) voorligting aan ouers is 'n suksesvolle metode om leesvertraging by kinders te verbeter;
- iii) die emosionele toestand van die leerlinge het stabielier geword;en
- iv) die verhouding en gesindheid van die kind teenoor beide ouers het verbeter.

Die ouers het ook erken dat hulle verhouding met die kinders baie verbeter het en op 'n natuurliker grondslag berus het. Selfs die verhouding tussen die ouers het verbeter.

Die ouers en ondersoeker het maniere bespreek

hoe toekomstige konflikte gehanteer kan word, omdat probleme altyd sal opduik en dat dit ook 'n mate van inspanning sal verg om dié probleme te hanteer.

9.4 SAMEVATTING

Die klem het in hierdie hoofstuk op die oueronderhoude geval wat oor 'n tydperk van 'n jaar plaasgevind het. Die besef is by die ouers tuisgebring dat die leesvertraagde leerling in 'n noodsituasie verkeer deur sy versteurde kinderlike beleving.

Deur voorligting aan die ouers is daar gepoog om die ouers bewus te maak van die kinders se probleme, sodat die ouers self hierdie probleme kon oplos en goeie gesinsverhoudings kon daarstel.

In hoofstuk 10 word die resultate van die tweede en derde evaluering bespreek en daar sal vasgestel word of die ouers daarin kon slaag om die kinders te help om hulle leesprobleme te oorkom.